

PROFESSOR SIR TB SMITH EN DIE ONTWIKKELING VAN DIE SKOTSE REG, OFTEWEL, WAT MAAK 'n REGSAKADEMIKUS SUKSESVOL?

[’n Resensie artikel van Elspeth Reid & David L Carey Miller (eds) *A Mixed Legal System in Transition* TB Smith and the Progress of Scots Law Edinburgh 2005. 332 p. Prys £45]

Jacques du Plessis
B Comm LLB LLM PhD
Professor, Universiteit van Stellenbosch

Die Skotse juris Professor Sir Thomas (TB) Smith QC (1915 - 1988) se nalatenskap is omstrede. Terwyl sommige krities staan teenoor die sterk klem wat hy geplaas het op die Romeinse, teenoor Engelse, wortels van die Skotse reg, het ander weer groot respek vir die pogings wat hy aangewend het om hierdie stelsel op ’n meer beginsel-gebaseerde grondslag te plaas. Die doel van hierdie bydrae is om aan die hand van die bogenoemde bundel bydraes deur Skotse en buitelandse regsgeleerdes, waarvan sommige hom persoonlik geken het, ’n paar gedagtes te opper oor hierdie betwiste nalatenskap. Veral interessant, vanuit ’n Suid-Afrikaanse perspektief, is om dit te kontrasteer met dié van sy tydgenoot, en vriend, Professor JC de Wet (1912-1990) van Stellenbosch, en hieruit ’n paar afleidings te maak oor faktore wat die sukses van regsakademici kan beïnvloed.

TB Smith het heelwat belangstellings gehad. Om sy bydrae na waarde te skat moet ’n wye terrein gedek word. Smith het in 1937 met lof aan die Universiteit van Oxford gegradueer en daarna ook met lof die Engelse balie-eksamen geslaag. Nadat hy hom onderskei het as Britse offisier in die Tweede Wêreldoorlog (“Hitler’s War”, soos hy dit genoem het), het hy in 1947 lid geword van die Skotse balie, oftewel die *Faculty of Advocates*. Twee jaar later is hy op 34-jarige ouderdom aangestel as Professor in *Scots Law* aan die Universiteit van Aberdeen, sonder dat hy ooit regte aan ’n Skotse universiteit gestudeer het (hy het later self die besluit om hom aan te stel as ’n “roekelose waagstuk” bestempel). Vir die meeste van sy Aberdeen-jare was Smith dekaan van die Regsfakulteit. In 1958 vertrek hy eger na Edinburgh Universiteit, waar hy aangestel is as *Professor of Civil Law*. Hierdie pos het hy beklee tot 1968, toe hy verskuif het na die leerstoel in *Scots Law*. In 1972 is hy aangestel as ’n voltijdse lid van die Skotse Regskommissie, en kort na sy aftrede in 1980 is hy tot ridder geslaan. Die laaste jare van sy lewe het hy hom gewy aan die redigeer van die *Stair Memorial Encyclopaedia* (die Skotse ekwivalent van *LAWSA*), waarvan hy die stigtersredakteur was.

Hierdie betrekkings en eerbewyse is sonder twyfel indrukwekkend,

maar grotendeels formele aanduidings van sukses. Die ware debat gaan oor die kwaliteit van sy prestasies. Hieroor skets Kenneth Reid, Professor in die Regsgeleerdheid aan Edinburgh, en self ook 'n voormalige *Law Commissioner*, eers 'n ietwat somber prentjie. Ten spyte van 'n lang akademiese loopbaan, het Smith nie 'n skool van volgelinge nagelaat nie; ten spyte van sy betrokkenheid by die Skotse Regskommissie, het heelwat van sy pogings tot statutêre regshervorming skipbreuk gely; en laastens, ten spyte van 'n magdom publikasies (die werk bevat 'n omvattende bibliografie deur Ross Anderson), het sy werk nie 'n noemenswaardige impak op die howe gehad nie, en veral nie op die ontwikkeling van basiese regsbeginsels nie. Een van die min geleenthede wat die howe hom nie geïgnoreer het nie, was toe die Skotse Hoofregter, Lord President Clyde, in *MacLeod v Kerr* 1965 SC 253 sonder omhaal van woorde Smith se sienings oor wesenlike dwaling verwerp het. Hierdie saak word breedvoerig deur Hector MacQueen in sy bydrae "Glory with Gloag or the Stake with Stair? TB Smith and the Scots Law of Contract" bespreek, en die gevolgtrekking word bereik dat Clyde se kritiek nie net Smith se idees oor dwaling nie, maar ook die aansien van sy werk en benadering in die algemeen, aansienlik skade berokken het (155). En tog argumenteer Reid sterk dat dit 'n groot fout sou wees om Smith se loopbaan as 'n reeks mislukkinge te bestempel: intendeel, volgens hom was TB Smith sonder twyfel "one of the most important and influential lawyers produced by Scotland during the whole of the twentieth century" (6).

'n Mislukking in vele opsigte, en tog 'n invloedryke regsgeleerde? Om hierdie stelling, wat onderliggend is aan heelwat van die bydraes, te begryp en te evalueer, is dit nodig om die sleutel-eienskappe van wat Reid "Smith's scheme" noem, te ondersoek. Nadat Smith aan die begin van sy akademiese loopbaan meer oor Engelse reg as oor Skotse reg geskryf het, verskuif sy belangstelling eger in die middel-vyftigerjare na die gemengde regstelsels van Louisiana, Quebec en Suid-Afrika. Hierdie is almal stelsels wat "gemeng" is omdat hulle, soos die Skotse reg, sterk deur sowel die Romeinsgebaseerde sivielregtelike tradisie, as die Engelsgebaseerde *common law*-tradisie beïnvloed is. Smith het met groot entoesiasme kontak tussen hierdie stelsels aangemoedig. Hy was veral besorg oor die toenemende gevaar wat die *common law* vir die toekoms van hul sivielregtelike erfenis ingehou het. In sy intreerede by Edinburgh in 1958 het die nuwe *Professor of Civil Law* prontuit sy kommer uitgespreek oor die gevaar wat so 'n ontwikkeling vir die toekoms van sakereg en verbintenisreg sou inhou. Volgens hom was die sivielregtelike deel van hierdie regsgebiede besig om deur die minderwaardige *common law* ondermyn te word, wat gevolglik verdryf moes word. Hierdie betoog was natuurlik gebaseer op 'n bepaalde persoonlike siening oor die rol en plek van die sivielregtelike tradisie in die Skotse regsgeëiedenis.

Hierdie nou-verweefde temas van die bevorder van kontak tussen gemengde regstelsels en die teenstaan van ongewenste *common law*-invloede bied 'n gepaste raamwerk waarbinne meeste van die bydraes tot

hierdie bundel oorweeg kan word. Wat gemengde regstelsels betref, het Smith inderdaad met onblusbare ywer en vindingrykheid bande tussen hierdie regstelsels probeer smee. Gegewe die aansienlike onlangse oplewing in belangstelling in hierdie stelsels, moet die geskiedenis Smith (asook sy geesgenoot Lord Cooper - sien Hector MacQueen se bydrae “Two Toms and an Ideology for Scots Law: TB Smith and Lord Cooper of Culross”) eer as ’n baanbreker in die beweging om hierdie stelsels as behorend tot ’n onafhanklike regsfamilie te beskou. Dit kan kwalik betwyfel word dat die vrugte van sy pogings destyds maar skamel was, maar, soos ’n aantal bydraers tereg aandui, het die uitgeworpene-status van ’n sleutel-jurisdiksie, naamlik Suid-Afrika, ’n ernstige demper op die sukses van hierdie onderneming geplaas (sien byvoorbeeld David Carey Miller se verwysing in sy bydrae oor “TB Smith’s Property” na die sterk negatiewe ontvangs van die Suid-Afrikaanse akademikus Peter Hunt deur Edinburgh-studente (178-179)). Hierdie “apartheid-faktor” het egter enkele jare na Smith se dood in 1988 verdwyn, en die langverwagte interaksie tussen gemengde regstelsels het toe in alle erns begin. Soos George Gretton opmerk in sy bydrae “The Rational and the National: Thomas Broun Smith”, sou ’n meer genaakbare noodlot Smith nog tien lewensjare gegun het om hierdie ontwikkeling te beleef (31).

Die bevordering van ’n bewuswording van die eiesoortige status van gemengde regstelsels in die algemeen gaan egter nie noodwendig gepaard met sinvolle gevolgtrekkings oor hul hanterings van spesifieke kwessies nie. Hier is Smith se nalatenskap besonder kompleks. Sy bevordering van die studie van gemengde regstelsels getuig van ’n heelwat breër perspektief op Skotse reg as dié van verreweg die meeste van sy Skotse tydgenote. Soos ’n aantal bydraes aandui, is dit dus nie billik om hom uit te beeld as ’n soort “Skots-is-die-beste” nasionalis nie (sien veral die gebalanseerde waardering deur die Tulane-akademikus Vernon Palmer, “Travelling the High Road with TB Smith: Nationalism and Internationalism in the Defence of the Civilian Tradition”). Vanweë hierdie breër perspektief kon Smith dus tereg waarsku teen die gevare van ’n “pseudo-regsvergelykende metode”, waarvolgens Skotse reg slegs met Engelse reg vergelyk is, ongeag of die basiese beginsels of vertrekpunte dieselfde was. Smith het voorts ook tereg die argument gekritiseer dat omdat Skotse reg en Engelse reg ’n remedie in ’n bepaalde geval sou verleen, die uitgangspunte van die reg van die twee lande noodwendig dieselfde sou wees — ’n grond van kritiek wat vir gemengde regstelsels in die algemeen geld. Voorts het hy ook die belangrike band tussen regsvergelyking en regs-geskiedenis verstaan, ’n band wat van deurslaggewende belang is by die evalueer van oplossings wat in gemengde regstelsels ontwikkel is (sien oor die algemeen John Blackie se bydrae oor “TB Smith as a Legal Historian”).

Ongelukkig was sekere ander aspekte van sy benadering egter minder oortuigend, en laat dit mens twyfel of hy werklik ten volle die belang van gemengde regstelsels begryp het, veral hoe hul kwaliteit verhoog kon

word. 'n Aantal bydraes dui daarop dat Smith soms net te oorywerig was in sy teenkanting van Engelsregtelike invloede. Alhoewel Smith breedweg erken het dat sulke invloede soms voordelig kon wees, merk Gretton tereg op dat Smith nooit uitgespel het wat hierdie positiewe invloede dan nou eintlik sou wees nie (42), en Reid is dus waarskynlik reg as hy sê dat hierdie erkenning dus nooit werklik oortuig nie (17). Mens is dus nie verbaas om te hoor dat Lord Rodger of Earlsferry, 'n self-erkende pragmaties, opmerk dat puriste soos Smith eintlik wou gehad het dat Skotland nooit 'n gemende regstelsel moes gewees het nie (sien sy “say not the Struggle Naught Availeth”: The Costs and Benefits of Mixed Legal Systems” 2003 78 *Tulane LR* 419 422) — 'n opmerking wat 'n mens laat dink aan die beroemde Engelse juris Anson se berou dat hy nooit 'n Duitse regsprofessor was nie. Sels Danie Visser van Kaapstad, wat 'n genaakbaarder houding teenoor Smith as kampvegter vir gemengde regstelsels openbaar, kom tot die gevolgtrekking dat “Smith’s admiration for the Civil Law bound him too tightly and prevented him from unlocking the full value of what he discovered” (291). Die probleem op die ou end is dus dat Smith eenvoudig net nie voldoende besef het dat verskillende regsvertakkinge tot 'n wisselende mate vir vermengings vatbaar is nie, of, anders gestel, tot 'n wisselende mate hul kwaliteit kon verbeter deur sivieltregtelike en *common law*-invloede te versoen nie. Om hierdie punt te verduidelik is dit nuttig om sy sieninge oor die sleutelvakrigtings van privaatreë, naamlik handelsreg en strafreg, van nader te beskou.

Wat die sakereg en verbintenisreg betref, is reeds na die sentimente wat Smith in sy Edinburgh-intreerede uitgespreek het, verwys. 'n Ietwat kommerwekkende aspek van hierdie lesing, wat tot dusver nie aangeraak is nie, is dat Smith blykbaar van mening was dat die sivieltregtelike en *common law*-tradisies *hoegenaamd* nie in hierdie areas vermeng kon word nie. Alhoewel daar kennelik 'n aantal gevalle was waar hy geregverdiglik kommer oor Engelsregtelike invloed uitgespreek het (sien byvoorbeeld MacQueen 138 *et seq* oor sy bydraes tot die kontraktereg), is sy anti-Engelsregtelike benadering duidelik oordrewe. Dit blyk uit 'n aantal voorbeelde van suksesvolle vermenging in gemengde regstelsels, soos die ontlening van sekere vorme van kontrakbreuk en onbehoorlik verkreë wilsooreenstemming uit die *common law*. Verdere probleme met sy kontrastering van hierdie benaderings blyk uit Elspeth Reid se bydrae “Strange Gods in the Twenty-first Century: The Doctrine of *Aemulatio Vicini*”. Smith het gewaarsku teen die gevaar van “going a-whoring” al agter die vals Engelse afgod van *Mayor of Bradford v Pickles* 1895 AC 587 aan, wat hy bestempel het as 'n uitspraak wat ingedruis het teen die leerstuk van *aemulatio vicini* (*abuse of rights*, of “misbruik van regte”). In 'n gebalanseerde en versigtige evaluering van die leerstuk van misbruik van 'n reg, wys Elspeth Reid egter daarop dat die posisie in beide tradisies eintlik heelwat meer kompleks is. Dit kan dus nie vereenvoudig word deur die blote kontrasteer van een tradisie wat dan nou ten gunste van so 'n leerstuk

sou wees en die ander wat daarteen sou wees nie. Laastens kom Carey Miller ook tot die gevolgtrekking dat dit moeilik is om te begryp waarom Smith van oordeel was dat *Morrisson v Robertson* 1908 SC 332 (die beslissing wat tot die bogenoemde regterlike afjak in *MacLeod v Kerr* 1965 SC 253 aanleiding gegee het) op dieselfde verkeerde uitgangspunt gebaseer is as 'n vroeëre Engelse beslissing. Soos Carey Miller opmerk: “[i]t does seem that rather than seek an interpretation as far as possible consistent with Scots law, Smith was concerned to show what he considered to be the detrimental influence of English law” (183). Op die ou end erken selfs Gretton ruitelik dat, terwyl Smith reg mag gewees het oor die waarde van die sivielregtelike tradisies in die privaatreë, hy soms sy saak te sterk gestel het, en dit gevolglik benadeel het (31).

Maar, terwyl hierdie sienings oor die privaatreë neig om steun te verleen aan Lord Rodger of Earlsferry se kritiek dat Smith nie eintlik wou gehad het dat die Skotse reg gemeng moes wees nie, is die posisie minder duidelik as ons fokus op die handelsreg. Aan die een kant dui Angelo Forte van Aberdeen in sy “‘Calculated to our Meridian’? The *Ius Commune, Lex Mercatoria* and Scots Commercial Law in the Seventeenth and Eighteenth Centuries” aan dat Smith probeer het om die indruk te skep dat Skotse handelsreg in die vroeë moderne periode in wese sivielregtelik van aard was (120).

Aan die ander kant was Smith tog by tye heel verdraagsaam, of selfs positief gesind teenoor Engelsregtelike invloede. Gretton kritiseer byvoorbeeld Smith se steun vir die oorneem van die *floating charge* (’n soort sekerheidsreg) vanuit die Engelse reg in Skotse reg (40-41). In sy bydrae oor “Borrowing from English Equity and Minority Shareholder’s Actions”, kritiseer Niall Whitty weer op sy beurt Smith se oënskynlike steun vir die idee dat die *Court of Session* (die Skotse hoë hof), ’n sogenaamde “equitable jurisdiction” geniet. Teen die agtergrond van *Anderson v Hogg* 2000 SLT 634 (OH), wat handel oor die remedies van minderheidsaandeelhouders, vra Whitty tereg hoekom so ’n sterk voorstander van die siviele reg soos Smith nie meer besorg was oor die gevare wat ’n billikheidsdiskresie vir die beginsel-gebaseerde ontwikkeling van die Skotse reg sou inhou nie.

Derdens, wat die strafreg betref, blyk dit weer dat Smith nie voldoende ag geslaan het op hoe die ontwikkelingsgang van ’n bepaalde regsgebied beïnvloed kon word deur die mate waartoe dit gemeng is nie. In sy bydrae getitel “Civilian and English Influences on Scots Criminal Law”, argumenteer Chris Gane dat vir sover Skotse strafreg nie (meer) ’n herkenbare sivielregtelike karakter het nie, daar minder rede is om te glo dat dit die moeite werd sal wees om kers op te steek by die ou sivielregtelike bronne. In hierdie omstandighede kan die toekomstige ontwikkeling daarvan eerder bevorder word deur die kreatiewe toepassing van die regsvergelende metode en deur inspirasie te put uit die beste wat sowel die sivielregtelike as *common law* tradisies kan bied, as om bloot die een tradisie as inherent verhewe bo die ander te beskou.

Tot dusver was die klem op 'n gebrek aan balans ten opsigte van die inhoud en aard van die Skotse reg. Smith se benadering was egter ook om 'n ander rede problematies, naamlik die wyse waarop hy sy sienings oorgedra het. Dit blyk veral duidelik indien mens Smith se loopbaan kontrasteer met dié van sy tydgenoot JC de Wet. Net soos Smith, was De Wet 'n uitmuntende student, en is hy op betreklik jong ouderdom as professor aangestel. De Wet het egter twee voordele geniet wat Smith nie beskore was nie. Eerstens het De Wet in die loop van sy studies op Stellenbosch en Leiden veel groter blootstelling gehad aan die ontwikkeling van die sivielregtelike tradisie. Terwyl Smith nog in Oxford 'n grondige kennis kon opdoen van die Romeinse reg, was sy kennis van veral die ontwikkelings na die sewentiende eeu gebrekkig. Sover ons weet kon hy nie Duits of Nederlands verstaan nie, en was materiaal in sleuteljurisdiksies in die moderne siviele reg, wat onontbeerlik was vir die ontwikkeling van beginsel-gebaseerde sivielregtelike strukture, dus vir hom ontoeganklik.

Tweedens het De Wet geskryf in 'n tyd toe 'n nuwe geslag Suid-Afrikaanse regters en akademici ontvanklik was vir pogings om die sivielregtelike dimensie van die Suid-Afrikaanse reg te ontwikkel. Smith moes egter baie harder veg om sy gehoor te oortuig. Daarom is dit juis so jammer dat sy skryfstyl nie hierdie doel besonder goed gedien het nie. De Wet het op die punt af, duidelik en toeganklik geskryf. Sy styl het die inhoud van die reg waaroor hy geskryf het weerspieël: rasioneel, beginsel-gebaseerd, en tog prakties. Mooiskrywery en "Pretoriaans", soos hy dit bestempel het, (sien AH van Wyk "JC de Wet: Die Mens" 1991 2(1) *Stell LR* 5 8) was uit. Sy kritiek was wel soms skerp, maar meeste kritici het besef dat dit gemik was op die argument, en nie die persoon nie. Hierdie ooreenkoms tussen vorm en inhoud het egter nie Smith se geskryfte gekenmerk nie. Stilisties kan hy beskou word as oudmodies, selfs Viktoriaans, en geneig om ingewikkelde formuleringe te gebruik, ryklik versier deur verwysings na klassieke materiaal wat menige leser hoofbrekens moes besorg het (sien Reid se kommentaar 14-15). Wat, byvoorbeeld, sou meeste regsgeleerdes kon wys word uit die volgende stellings oor vreesaanjaging in Smith se *A Short Commentary on the Law of Scotland* (1962): "in this situation the general rule is *resoluto jure dantis resolvitur jus accipientis*", en "*Quoad personal rights annulment results in the application of the rule assignatus utitur jure auctoris*"? (837-838).

'n Verdere merkbare verskil tussen die twee was die metodes wat hul gebruik het om hul idees te propageer. De Wet het in wese gefokus op twee dissiplines: kontraktereg en strafreg, en het twee monografieë geskryf wat die bestaande reg geïnterpreteer en uiteengesit het in die lig van sowel die werke van die ou skrywers as (op meer indirekte of selfs onherkenbare wyse) die moderne sivielregtelike literatuur. De Wet het egter nie net op bepaalde probleme gefokus nie, maar heel nuwe strukture laat verrys wat hierdie massa materiaal kon dra. Alhoewel MacQueen oortuigend argumenteer dat Smith in die suiwer kontraktereg werk

gedoen het wat vandag nog in onderrig en akademiese navorsing gebruik word (in dié verband verwys na sy sienings oor die *ius quaesitum tertio*, *promise* en dwaling), het Smith nooit sulke meer algemene strukture ontwikkel nie. Hy was van plan om 'n algemene verhandeling oor die kontraktereg te skryf, maar het dit nooit gedoen nie (138). Op die gebied van die regsgeeskiedenis het hy dit ook bejammer dat Skotland nie 'n soortgelyke figuur soos die Engelse juris Holdsworth gehad het nie, maar tog was hy nie bereid om self daardie rol te speel nie. Wat die rede ookal daarvoor mag wees dat Smith nie hierdie standaardwerke geskryf het nie, is dit ongetwyfeld so dat sy potensiele invloed daardeur verminder is. Wanneer 'n mens, soos De Wet, van plan was om kerngebiede van die reg op sterk sivielregtelike fundamente te plaas, sou 'n paar hoofstukke in 'n kommentaar op die regstelsel as geheel (sien Smith se *A Short Commentary on the Law of Scotland* (1962)) nie voldoende wees nie.

Aangesien hierdie bundel fokus op die nalatenskap van Smith die regsgeleerde, en nie poog om tot die wese van Smith as mens deur te dring nie, kan dit nie beskryf word as 'n biografie in die konvensionele sin van die woord nie. Dit skemer egter deur dat Smith se persoonlikheid, soos die van De Wet, kompleks was. 'n Paar moeilike vrae bly dus onbeantwoord. Hoekom het iemand wat so suksesvol Engelse reg bestudeer het so 'n vurige kampvegter geword vir die uitroei van Engelse invloede op die Skotse reg? 'n Mens word herinner aan die Germaanse stamhoof Arminius, wat sy skoling in Romeinse militêre tegnieke gebruik het om later die Romeinse leërs te beveg. Was die dryfveer van Smith se passie vir die sivielregtelike tradisie die positiewe invloed van sy bekwame Romeinse reg-dosente by Oxford, of die negatiewe invloed dat daar dalk vanuit die suide van Brittanje op hom as Skot neergesien is? (259). Indien ons wegbeweeg van Smith die regsgeleerde, watter impak het sy militêre ervarings op sy karakter gehad? Ons weet dat hy by tye na die manstudente as “the Jocks” verwys het, en kennisgewings aangebring het waarin hulle beveel is om hulle hare te sny, maar die moontlikheid bestaan dat die oorlog 'n veel dieper indruk op hom kon gemaak het (sien John Blackie se kommentaar 90). Tot watter mate is sy beskouings oor die reg beïnvloed deur sy Christelike geloof, wat veral weerspieël is deur sy voorliefde vir Bybelverwysings? Hoekom het iemand wat so ooglopend waarde geheg het aan wese bo vorm sulke formele *statements* gemaak soos om sy tweede doopnaam van “Brown” na die meer Skotsklinkende “Broun” te verander, of om 'n *kilt* te dra as hy in Engeland was, maar nie in Skotland nie? En op 'n meer ernstige noot, hoe is hy geraak deur die onverwagse dood van 'n kind, sy enigste seun, in 1962?

Oscar Wilde het opgemerk dat elkeen sy dissipels het, maar dat Judas gewoonlik die biografie skryf. In hierdie bundel is daar egter geen Judas nie. Dit is ook nie 'n *apologia* of lofrede nie. Die bydraes weerspieël eenvoudig 'n begeerte om 'n meer gebalanseerde evaluering te bied van Smith se werk as wat daar in die verlede was. Daar is veral 'n dimensie van sy nalatenskap wat die boek duidelik na vore bring, en wat nie

voldoende in die verlede na waarde geskat is nie. Kenneth Reid som dit treffend op deur te beklemtoon dat Smith, bo alles, 'n man van visie was. Om die waarheid te sê, as mens noukeurig na die foto van Smith in die bundel kyk, is die mees treffende eienskap nie die militêre moestas, of die ietwat ondeunde glimlag nie, maar sy blik gerig op êrens in die verte. Sy visie was meermale gerig op resultate wat nou eers bereik kan word, of nog bereik moet word. Hy was reg deur te besef dat dit vir gemengde stelsels die moeite werd sou wees om in gesprek met mekaar te tree, en hy was reg deur te besef dat dit nie in die belang van die Skotse reg sou wees om blind in die rigting van 'n *common law* stelsel te beweeg nie. Die probleem is dat hy, ten minste op die korttermyn, nie altyd die beste strategie gevolg het om hierdie doelwitte te bereik nie, dat hy soms slagoffer van omstandighede buite sy beheer was en dat hy onwetend sy eie grootste vyand kon wees. Net soos die stelsels wat hy met soveel passie bevorder het, was “the elements mixed in him”, soos 'n English dramaturg oor 'n Romeinse staatsman geskryf het.

Ter afsluiting, en weer eens ter wille van kontras, 'n paar woorde oor De Wet. Ons het gesien dat De Wet 'n veel groter en onmiddellike impak op regsontwikkeling in sy eie stelsel as Smith gehad het. Dit is egter ironies dat juis noudat daar 'n groter waardering vir Smith as regsfiguur is, die moontlikheid bestaan dat die teenoorgestelde met De Wet kan gebeur. Die regstaal wat De Wet help opbou en so helder in geskryf het, se status is aan die kwyn en sy werke sal onvermydelik ontoegankliker word vir nuwe geslagte regsgeleerdes wat dit nie magtig is nie. Ten spyte van sy merkwaardige hantering van sowel die regshistoriese as regvergelykende metode, het De Wet se uitsluitlike fokus op die plaaslike reg hom voorts 'n geslote boek vir die internasionale regsgemeenskap gemaak (vir 'n raar uitsondering sien Reinhard Zimmermann & Charl Hugo “Fortschritte der Südafrikanischen Rechtswissenschaft im 20. Jahrhundert: Der Beitrag von JC de Wet (1912–1990)” 1992 60 *Tijdschrift voor Rechtsgeschiedenis* 157). Dit is betreurenswaardig in 'n era van harmonisering en globalisering waar daar meer as ooit 'n behoefte bestaan aan 'n rasonale en kritiese opweeg van die benaderings van die sivilregtelike en *common law*-tradisies ten einde die kwaliteit van regstelsels te verbeter.

Laastens sal die geslagte regsgeleerdes wat so sterk deur De Wet se intellek en persoonlikheid beïnvloed is (sien byvoorbeeld die slotopmerkings in Jeremy Gauntlett se huldiging “JC de Wet — Regsakademiкус van Formaat” 1991 *Stell LR* 12 14), mettertyd weg maak vir nuwe geslagte wat hiervoor geen begrip sal hê nie.

Selfs groot reputasies deurstaan op die ou end nie die toets van die tyd nie. Bundels soos hierdie dui egter aan dat 'n kritiese en ewewigtige ontleding van 'n persoon se lewenswerk kan verhoed dat so iets onverdiend vroeg gebeur.

SUMMARY

The Scottish jurist Professor Sir Thomas (TB) Smith QC (1915-1988) has left a contested legacy. While some dismiss him as a neo-civilian nationalist, who held unrealistic views about both the past and future of Scots law, others have greatly admired his efforts in promoting its principled development, especially during a rather dark age of Scottish legal scholarship. This note comments on aspects of Smith's legacy in the light of the recent publication of Elspeth Reid & David L Carey Miller (eds) *A Mixed Legal System in Transition – TB Smith and the Progress of Scots Law* Edinburgh University Press 2005. This collection of essays by Scottish and foreign scholars, of whom a number knew him personally, contains the first sustained attempt at evaluating Smith's achievements and failures, thereby introducing more substance in a debate which for long has been clouded by emotion. Of particular interest, from a South African perspective, is to contrast Smith's legacy with that of his contemporary and friend, Professor JC de Wet (1912-1990) of Stellenbosch, and to draw some conclusions about factors which influence the success of legal academics.